Laerskool Roodekrans

24 Junie 2022

Geagte Ouers

PITKOS VIR DIE WEEK

Johannes 13:34 – "Ek gee julle 'n nuwe opdrag: Julle moet mekaar liefhê; soos Ek julle liefhet, net só moet julle mekaar ook liefhê."

PERSONEEL

Verjaarsdae

Baie geluk aan die volgende personeel wat verjaar.

23 Junie	-	Me. Jenine Keyter (Bestuurspan – SBST)
	-	Me. Ané Butner (Gr. 6)
	-	Me. Marie Holmes (Finansies)
	-	Mnr. Arné de Beer (Onderwys assistent)
24 Junie	-	Regina Moseye (Snoepie)
25 Junie	-	Liz Ackerman (Roodieland-naskool)
25 Junie	-	Me. Michelle Barnard (Onderwys assistent)
30 Junie	-	Mnr. Deon Rousseau (Hoof)
4 Julie	-	Ezekiel Oepeng (Algemene assistent)
6 Julie	-	Mnr. Arno Jacobs (Gr. 7)
	-	Thabang Leshori (Algemene assistent)
12 Julie	-	Fransina Tshweu (Algemene assistent)
19 Julie	-	Me. Tiffany Kruger (Onderwys assistent)
20 Julie	-	Mnr. Chris Jacobs (LO – Intersenfase)

Mag u 'n geseënde dag en jaar saam met u gesin en familie beleef.

BELANGRIKE DATUMS VIR DIE WEEK VAN 18 – 24 JULIE:

18 Julie – Gr. 7-leerders vertrek na ATKV-Natalia (Leerders moet asb. stiptelik om **4:45** in die saal aanmeld. Onthou asb. om 'n kospakkie vir ontbyt en middagete op die bus in te pak.

19 Julie – Skool heropen vir die derde kwartaal.

H/v Wilde Amandellaan en Gardeniastraat, Roodekrans
Telefoon: 011 764-2920 / 2921 / 2931 • Faks: 011 764-2207 • Posbus 2152, Wilropark 1731
e-pos: hoof@roodekranslaer.co.za • www.roodekrans.net

18 Julie – Gr. 5-leerders vertrek na Swandini Forever Resort (Leerders moet asb. stiptelik om **5:30** in die saal aanmeld. Onthou asb. om 'n kospakkie vir ontbyt en middagete op die bus in te pak.

20 Julie - Gr. 4-leerders vertrek na Ukutula (Leerders moet asb. stiptelik om **7:30** in die saal aanmeld. Onthou asb. om 'n kospakkie vir middagete op die bus in te pak.

RUGBY

Baie geluk aan Heinrich Smith (Gr. 7) wat verkies is as deel van die "Lions Courage Team". Hy moes ongelukkig a.g.v. 'n besering onttrek. Ons is voorwaar trots op jou en glo dat jy vinnig ten volle sal herstel.

#RoodieSport #RoodieRugby

SKAAK

Baie geluk aan die volgende o/11-leerders wat **Saterdag, 18 Junie** aan die Gauteng-skaaktoernooi deelgeneem het.

Ané Sonnekus het 3 uit haar vyf rondtes gewen en 24ste uit 100 dogters geëindig. Dit was haar eerste toernooi. Ons is baie trots op haar.

Ons is net so trots op Janco Esterhuizen en Jayden Grundling wat onder die top-10 seuns geëindig het. Jayden het 'n die 8ste plek behaal en Janco die 6de plek.

#RoodieSport #RoodieSkaak

BERGFIETS

Die leerders het die naweek van 24 – 26 Junie aan hulle eerste bergfietsry-kompetisie deelgeneem. Hulle het aan die Johannesburg-Noord skole-reeks net buite Pretoria deelgeneem.

Al die leerders het dit baie geniet en puik presteer. Die baan het ‘n paar uitdagings gehad, maar niks was te moeilik nie. Ons wil graag net geluk sê aan die volgende leerders:

- Colin Poustie
- Liam Poustie
- Trent Hattingh
- Jude Hattingh
- Ewald van Eden
- Christopher Bardenhorst
- Dianli Dippenaar
- Hanru Meyer
- Jean le Roux
- Ruben Vogel

Ons is baie trots op julle. Hou so aan. Ons sien uit na ons volgende byeenkoms en hoop om nog vele kinders daar te sien.

#RoodieSport #RoodieBergfiets

KRIEKET

Camp Discovery

Die opgewondenheid was tasbaar aangesien die leerders na twee jaar vir die eerste keer weer die geleentheid kry om op ‘n kriekettoer te gaan.

Die seuns het almal die Roodie-waardes ten alle tye uitgeleef.

Die toer was deel van die proses van proewe. Let wel: Indien u seun/dogter nie gaan toer het nie, sal hul wel geleentheid gegee word om deur die oefeninge hulself vir die onderskeie spanne te bewys. Die toer was NIE die finale proewe nie.

Dankie aan elke ouer, grootouer, boetie en sussies wat die moeite gedoen het om ons seuns te kom ondersteun.

‘n Spesiale woord van dank gaan aan ons manspersoneel wat die seuns op toer vergesel het.

Belangrike datums

Maandag, 25 Julie – Oefening vir alle spanne van o. 6 tot die 1ste-span begin.
Woensdag, 27 Julie – Ouer-inligtingsaand om 18:00 in die saal.

Mini-krieket

ORGANISEERDER: Kylie Lutman

OEFENTYE: Dinsdae en Donderdae

o/6 – Afrigters (Skooltyd)

- Erika Lombard –Admin (Gr. R onderwyseres)
- Sonja Pretorius (Gr. R onderwyseres)
- Mari van Wyk (Onderwyser assistent)
- Ryno (CSV)
- Janus van Niekerk (Onderwyser assistant)
- Ruan du Preez (Onderwyser assistent)

o/7 – Afrigters (13:00-14:00)

- Neldia van Zyl – Admin (Gr. 1 onderwyseres)
- Kylie Lutman (Gr. RR onderwyseres)
- Erika Lombard (Gr. R onderwyseres)
- Ruan du Preez (Onderwyser assistent)

o/ 8 – Afrigters (13:00-14:00)

- Johalize Bushney – Admin (Gr. 2 onderwyseres)
- Michelle Barnard (Onderwyser assistent)
- Laetitia van Druten (Gr. 2 onderwyseres)
- Janus van Niekerk (Onderwyser assistent)

Hardebal – o. 9 tot 1ste-span

o. 9
Oefentye – Maandae, Dinsdae en Donderdae 14:00 – 15:00
Afrigters:
Mnr. Arno Coetzee (A-span)
Mnr. Ryno Eyssen (B-span)

o. 10
Oefentye – Maandae, Dinsdae en Donderdae 14:00 – 15:00
Afrigters:
Mnr. Albert Hibbert (A-span)
Mnr. Abel Wolfaardt (B-span)

o. 11
Oefentye – Maandae, Dinsdae en Donderdae 14:00 – 15:00
Afrigters:
Mnr. Anton van Wyk (A-span)
Mnr. Joubert Hattingh (B-span)

3de-span
Oefentye – Maandae, Dinsdae en Donderdae 15:00 – 16:00
Afrigters: Mnr. Janus van Niekerk

2de-span
Oefentye – Maandae, Dinsdae en Donderdae 15:00 – 16:00
Afrigters: Mnr. Arno Jacobs

1ste-span
Oefentye – Maandae, Dinsdae en Donderdae 15:00 – 16:00
Afrigters:
Mnr. Konradt Kriek
Mnr. Ian Flemming

Junior- en Senior-ontwikkelingspanne:

Juniorontwikkeling - Oefentye o/ 9 tot o/ 11
Maandae, Dinsdae en Donderdae 14:00 – 15:00
Afrigter: Mnr. Ruan de Preez

H/v Wilde Amandellaan en Gardeniastraat, Roodekrans
Telefoon: 011 764-2920 / 2921 / 2931 • Faks: 011 764-2207 • Posbus 2152, Wilropark 1731
e-pos: hoof@roodekranslaer.co.za • www.roodekrans.net

Seniorontwikkeling - Oefentye o/ 12 tot 1ste-span
Maandae, Dinsdae en Donderdae 15:00 – 16:00
Afrigter: Mnr. Ruan de Preez

#RoodieSport #RoodieKrieket

LANDLOOP

Landloop byeenkomste

27 Julie	-	Aflos – Bastion (spanne sal nog bekend gemaak word.)
29 Julie	-	Liga 1 – Welties
12 Augustus	-	Liga 2 – Plek moet nog bevestig word.
19 Augustus	-	Liga 3 – Welties
26 Augustus	-	D12 Kampioenskappe – Plek moet nog bevestig word.
3 September	-	Gauteng Kampioenskappe – Plek moet nog bevestig word.

Landloopoefentye

Oefeninge begin op ***Dinsdag, 19 Julie***
Maandag, Dinsdae en Donderdae 16:00 tot 16:45.

Hou die Landloop-groep op TEAMS vir enige veranderinge rakende die datums en oefentye dop.

#RoodieSport #RoodieLandloop

HOKKIE

Ouer-inligtingsaand – Dinsdag, 26 Julie

Mini-hokkie

Die Mini-hokkie oefening begin **Maandag, 25 Julie** vir alle mini-hokkiespanne.
Die Mini-hokkie oefentye sal bevestig word tydens die ouer-inligtingsaand.
Alle Mini-hokkie datums sal so spoedig as moontlik aan u deurgegee word.

Afrigters:

o. 6
Juf. Erika Lombard – Admin (Gr. R onderwyseres)
Juf. Sonia Pretorius (Gr. R onderwyseres)
Juf. Lelanie van Lill (Gr. R onderwyseres)

Juf. Mari van Wyk (Gr. R onderwyseres)
Mnr. Arné de Beer (Onderwyser assistent)

o. 7
Juf. Anika Jacobs – Admin (Gr. RR onderwyeres)
Juf. Erika Lombard (Gr. R onderwyseres)
Juf. Sonia Pretorius (Gr. R onderwyseres)
Juf. Amanda-Lee Lemmon (Gr. 2 onderwyseres)
Juf. Elzané Coetzee (Onderwyser assistent)

o. 8
Juf. Marelise Koekemoer – Admin (Gr. 1 onderwyseres)
Juf. Yvande Coetzee (Gr. RR onderwyseres)
Juf. Nina Bezuidenhout (Gr. RR onderwyseres)
Juf. Ané Louw (Gr. 1 onderwyseres)
Juf. Chantel van Niekerk (Onderwyser assistent)

o. 9
Juf. Geline Jordaan – Admin (Gr. 3 onderwyseres)
Juf. Mari Fouche (Gr. 1 onderwyseres)
Juf. Yvette van As (Gr. 2 onderwyseres)
Juf. Twane Joubert (Onderwyser assistent)

0/10- tot 1ste-spanne

Belangrike datums en oefentye:

- **Dinsdag, 19 Julie**
  O/12 Dogters begin met oefening (13:45 - 15:00)

- **Donderdag, 21 Julie**
  O/12 Dogters proewe (13:45 - 15:00)

- **Maandag, 25 Julie**
  O/13 Dogters en Senior seuns se proewe (14:00 - 15:30) by Ridgevale

  Oefening begin:
  - O/10 en O/11 Dogters (13:30 - 15:00) by die skool.
  - Junior seuns (15:00 - 16:30)
  - O/12 Dogters (15:00 - 16:30)

- **Dinsdag, 26 Julie**
  - O/10 en O/11 Dogters (13:30 - 15:00) by die skool.
  - O/12 en O/13 Dogters (15:00 - 16:30) by die skool.
  - Junior en senior seuns (13:45 - 15:00) Ridgevale.

- **Donderdag, 28 Julie**
  - Proewe: O/10 en O/11 Dogters (13:30 - 15:00) by die skool.
  - O/12 en O/13 Dogters (15:00 - 16:30) by die skool.
  - Proewe Junior seuns (13:45 - 15:00) Ridgevale.
  - Senior seuns (15:00 - 16:30) by die skool.

- **Oefening gaan normaal voort op Maandae, Dinsdae & Donderdae:**
  - O/10 e O/11 Dogters (13:30 - 15:00) by die skool.
  - O/12 en O/13 Dogters (15:00 - 16:30) by die skool.
  - Junior en senior seuns (13:45 - 15:00) Ridgevale.

Liga datums:

4 Augustus 2022	Liga	Horison	Weg	O/10 tot O/13 Seuns en Dogters
18 Augustus 2022	Liga	Dr. Havinga	Weg	O/10 tot O/13 Seuns en Dogters
25 Augustus 2022	Liga	Helderkruin	Tuis	O/10 tot O/13 Seuns en Dogters
1 September 2022	Liga	Florida	Tuis	O/10 tot O/13 Seuns en Dogters

#RoodieSport #RoodieHokkie

KUNSWEDSTRYD

Die RAK-kunswedstryd vir ons kore vind by Laerskool Dr Havinga plaas. Ouers is verantwoordelik vir leerders se vervoer.

JUNIORKOOR:
Datum: **16 Augustus**
Tyd van aanmelding: 15:00
Tyd van optrede: 15:50

SENIORKOOR:
Datum: 17 Augustus
Tyd van Aanmelding: 15:00
Tyd van optrede: 15:50

Sien volledige inligting op Teams.

#TrotseRoodies #Roodiekultuur

KUNSWEDSTRYD

All Ages netbaltoernooi

Ons wens die volgende vier Gauteng netbaldogters baie sterkte toe met die komende vakansie se netbaltoernooi. Die toernooi vind vanaf 26 - 29 Julie 2022 by Dr. E.G. Jansen plaas. Ons weet julle gaan net julle beste gee.
Laerskool Roodekrans is baie trots op julle.

- Bianca Phyfer
- Juané Nel
- Tanya Ras
- Duné van Zyl

Roodies is ook baie trots op ons twee onderwyseresse wat gekies is om as beamptes by die All Ages toernooi en Winterspele op te tree.

- Me Liandri le Roux tree as spanbestuurder by die Gauteng o/ 17-span op wat gedurende die vakansie in Witbank plaasvind.
- Me Hannericke Hattingh tree as skeidsregter by die Winterspele in Stellenbosch op.

Baie dankie vir julle tyd wat julle opoffer en dat julle op hierdie manier Roodekrans se naam hoog hou.

PRESTASIE BUITE-SKOOLVERBAND

Akrobatiese dans

Baie sterkte aan ons eie Roodie, Amelie Raats, wat die 20ste Junie na Spanje vertrek het waar sy Suid-Afrika by die Dance World Cup gaan verteenwoordig! Ons hou jou in ons gedagtes en weet jy gaan sommer baie goed doen! Geniet elke oomblik!

#AkrobatieseDans #Spanje #Waardegedrewe #DieToekomsIsNOU

Hokkie

Baie geluk aan Endré Ludick wat gekies is om deel te wees van die Jozi Warriors wat gaan deelneem aan die JHL-toernooi vanaf 18 tot 28 Augustus.
Baie sterkte met jou toernooi. Roodies is baie trots op jou!

#TrotseRoodies #Hokkie

Koor

Baie geluk aan Samantha Harris wat die oudisies vir die Sing in Harmonie Nasionale Kinderkoor geslaag het. Dis voorwaar 'n groot prestasie. Geniet jou jaar saam met die Nasionale Kinderkoor.

ALGEMEEN

'n Opregte dank en waardering word oorgedra aan elke personeellid, leerder, ouer en grootouer wat tydens die ongelooflike besige tweede kwartaal ons leerders getrou by al die aktiwiteite besorg het. So ook bankvas ondersteun en gemotiveer het. Dit word opreg waardeer.

Laerskool Roodekrans

Geniet u welverdiende vakansie mag u en u gesin die breuk geniet.

Daar lê 'n besige 3de kwartaal met ons akademie en wintersportsoorte wat afskop voor. Sowel as die RAK-Kunswedstryd en WOW-spelfees wat na die vakansie sal plaasvind.

Sterkte vir een en elke se voorbereiding!

Groete

HOOF

H/v Wilde Amandellaan en Gardeniastraat, Roodekrans
Telefoon: 011 764-2920 / 2921 / 2931 • Faks: 011 764-2207 • Posbus 2152, Wilropark 1731
e-pos: hoof@roodekranslaer.co.za • www.roodekrans.net